

# Kry jou diere reg om siektes te beveg

Deur Anri Strauss, Chemuniqué

**M**et die hoë reënval wat Suid-Afrika in die afgelope maande ervaar het, moes produsente skielik 'n aantal onverwagte uitdagings die hoof bied. As mense met seisoenale uitdagings worstel, stel jou voor hoe ons diere moet voel – hulle word immers deur die seisoene aan al die elemente blootgestel. Die groot vraag is: Hoe kan produsente hul diere help om infeksie te weerstaan tydens uitdagende seisoensveranderinge?

## Voorkoming is beter as genesing

Hierdie konsep is beslis nie nuut nie – gewasprodusente ken dit goed. Jy kan nie 'n gewassiekte doeltreffend bestry as dit eers posgevat het nie, maar jy kan dit voorkom. Gewasprodusente ondersteun hul plante met alles wat hulle nodig het om siektes te weerstaan. Eweneens moet veeprodusente dieselfde met hul diere doen, maar doen ons genoeg?

Die eerste linie van verdediging is die praktyk van immunisering. Die diere se liggaam is in staat om infeksies meer doeltreffend te beveg wanneer dit reeds op 'n veilige en beheerde wyse aan die siekte blootgestel is.

## Voeding 101

Sodra die basiese grondslag deur inenting gelê is, moet ons die immuunstelsel verder ondersteun. Dit kan gedoen word deur diere te voer om hul immuunstelsels te versterk. Die eerste beginsel is om die diere daadwerklik te voer, aangesien ondervoeding 'n aansienlike negatiewe uitwerking op gesondheid het en ondervoede diere

meer vatbaar vir siektes sal wees. Met diere wat 'n goeie liggaamskondisietelling handhaaf, is die stryd half gewonne.

## Die klein dingetjies wat tel

Die laaste stap in die voorbereiding van diere om siektes te weerstaan, is sellulêre immuunondersteuning. Vir die liggaam om 'n immuunrespons te loods en teenliggaampies aktief te produseer, benodig dit mikrovoedingstowwe. Minerale speel hier 'n baie groot rol, aangesien dit deel vorm van talle prosesse en strukture in die immuunstelsel. Sonder voldoende mineraalbeskikbaarheid, sal die liggaam nie siektes behoorlik kan beveg nie.


Sekere minerale moet hier uitgelig word, aangesien hulle 'n integrale rol in hierdie prosesse speel:

- Sink is belangrik vir epiteelgesondheid. Die epiteellaag (vel, longe, dermkanaal) is die liggaam se eerste verdedigingslinie teen infeksie. Ondersteuning van epiteelgesondheid sal help om bakterieë en virusse uit die liggaam te hou.
- Koper is belangrik vir neutrofiel-gesondheid. Lae vlakke van koper sal beide humorale en sel-gemedieerde immuniteitsprosesse onderdruk.
- Mangaan speel 'n rol in wondgenesing en die proses waardeur makrofage die patogene doodmaak.
- Selenium het antioksidant-eienskappe wat die liggaam teen inflammasie beskerm terwyl die liggaam siektes beveg.

## Samevatting

In die komende maande sal ons baie seisoenale veranderinge moet trotseer

**Figuur 1: Die beste manier om 'n diere se immuunstelsel te ondersteun, is deur 'n kombinasie van inenting en korrekte voeding.**



en ons diere sal deur verskeie siektes en infeksies uitgedaag word. Produsente moet dus hul diere die beste moontlike ondersteuning gee. Maak seker jy ent jou diere in, en verskaf genoeg voer met die regte minerale in om diere deur die uitdagende tye te dra. Onthou, voorkoming is die beste geneesmiddel. **VP**

Anri Strauss (Pr.Sci.Nat. 115501) is 'n wetenskaplike adviseur in die herkouterspan by Chemuniqué en sy spesialiseer in skape. Anri het 'n meestersgraad in voeding aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Kontak haar by [anri@chemunIQUE.co.za](mailto:anri@chemunIQUE.co.za) vir enige navrae met betrekking tot hierdie artikel.